Laerskool Newtonpark

Gestig 1926

Geagte Nasorg-ouer(s)/Voog(de)

INSAKE: Nasorgsentrum 2024

Laerskool Newtonpark wil aan leerlinge by die nasorgsentrum die beste nasorgdienste bied. Derhalwe word u versoek om die ingeslote aansoekvorm te voltooi en soos hieronder versoek aan ons terug te besorg. Graad R- tot 3-leerlinge word by die Chris Viljoen-nasorgsentrum by die skool en die graad 4- tot 7-leerlinge by die Dennis Knoetze Sportklubhuis gehuisves.

Ons wil u daaraan herinner dat alle ouers, huidige en voornemende ouers die geleentheid kry om aansoek te doen.

Die volgende prosedures en voorwaardes geld vir toelating tot nasorg in 2024:

- Alle ouers, wat tans van hierdie dienste gebruik maak, moet opnuut aansoek doen om toelating vir hul kind(ers) met 'n minimum van R1,000 per kind om te registreer, indien u nie reeds 'n krediet het as u per debietorder kwartaalliks vooruit betaal nie. Die R1,000 is deel van die 1ste kwartaal nasorg.

- Die nasorgfooie is streng kwartaalliks vooruitbetaalbaar.

- Aansoeke vir 2024 moet so gou moontlik die kantoor bereik en die volle eerste kwartaallikse fooi moet teen 15 Januarie 2024 opbetaal wees.

Vriendelike groete

J.J. PIENAAR
SKOOLHOOF

26 Oktober 2023

Posbus 7113, Newtonpark, Gqeberha, 6055
Telefoon: (041) 365 1233, Faks: 086 509 5536 - Willetstraat, Newtonpark, Gqeberha, 6045
E-Pos: admin@lnpark.co.za / fin@lnpark.co.za

NASORGREëLS (2024)

Graad R – 3 nasorg is by die Chris Viljoen Nasorgsentrum by die skool en graad 4 – 7 by die Dennis Knoetze Nasorgsentrum te Geraldstraat, die sportterrein.

1. **Die skoolreëls is ook van toepassing in die nasorgsentrum.**
2. Alle nasorgleerlinge moet skriftelike toestemming van hul ouer(s)/voog(de) verkry om die terrein te verlaat: die dag, datum, plek van besoek en die tyd terug by die nasorg moet daarop aangedui wees. Die brief moet aan die toesighouer getoon word en deur haar geteken word. Dit kan ook in die huiswerkboek geskryf word.
3. Alle graad 4- tot 7-leerlinge gaan daagliks na sportgronde vir studie- en voorbereidingswerk. Elke groep het sy/haar eie toesighouer.
4. Die studieure is soos volg: Graad R toesig vanaf 13:00
   Graad 1 tot 2 studie vanaf 13:45 – 14:15 behalwe Vrydae
   Graad 3 studie vanaf 14:30 – 15:30 behalwe Vrydae
   Graad 4 tot 7 studie vanaf 15:00 – 17:00
   Leerlinge kan daagliks na studie verder huiswerk doen tot 17:00.
5. Ouers moet nog steeds hul kinders se huiswerk kontroleer.
6. Leerlinge moet met die nodige respek en beleefdheid teenoor personeel en mede-nasorg-maats optree.
7. **Ouers moet leerlinge stiptelik kom afhaal. Leerlinge wag binne die skool-/sportterrein langs die nasorglokaal tot 17:30.**

7.1 Indien u sou versuim om u kind(ers) teen 17:30 af te haal, sal u hieroor 'n waarskuwing ontvang. Daarna tree die volgende boete in werking: 'n R50 spotboete tot 17:45, daarna R20 vir elke 5 minute wat u later kom. U betaal op dieselfde dag die boete direk aan die verantwoordelike nasorgpersoneellid. 'n Kwitansie sal aan u uitgereik word. Na 3 waarskuwings word u kind nie meer in die nasorg toegelaat nie.

8. Ouers moet self voorsiening maak vir hul kind(ers) se etes.
9. Ons aanvaar geen aanspreeklikheid vir items wat verlore raak as tasse in die skool rondstaan nie. Die alarm word stiptelik om 17:30 gestel en leerlinge wat items vergeet het in klasse moet dit die volgende oggend afhaal.
10. Alle nasorg-leerlinge verdaag deur dieselfde uitgang in Hudsonstraat/Geraldstraat. Geen ander uitgange mag gebruik word nie.
11. Indien ouers kinders by sport afhaal moet die nasorgtoesighouer daarvan in kennis gestel word sodat leerlinge uitgeteken kan word.
12. Leerlinge moet **VOOR EN NA BUITEMUURSE AKTIWITEITE** by hul die verskeie nasorg-toesighouer aanmeld sodat dit op die register aangeteken word. Leerlinge moet ook die nasorg-toesighouer in kennis stel indien hulle direk na skool huis toe gaan met 'n e-pos, sms of skriftelike toestemming, asb.
13. Ouers moet asb. alle kledingstukke en ander eiendom van leerlinge sorgvuldig merk om verliese tot 'n minimum te beperk.
14. Alle navrae moet asb. aan nasorg of die skoolhoof gerig word. Voorkom asb. enige onsekerheid of enige probleem deur dadelik met bogenoemde persone te skakel.
15. Dringende boodskappe wat die nasorg-leerlinge raak kan d.m.v. die volgende nasorgnommers gemaak word: **NASORGNOMMERS**: 072 400 9125 : graad R tot 3 en 076 687 3699 : graad 4 tot 7.
16. Afhaal van leerlinge: indien iemand anders u kind by nasorg moet kom afhaal, moet u ons asb. skriftelik in kennis stel. U kan dit ook persoonlik aan die personeel oordra. Die persoon wat u kind dan kom afhaal moet egter die uittekenregister voltooi. **Geen senior nasorgleerling mag by junior nasorg agterbly nie.**
17. **NB: Ouers word gevra om die kennisgewings op die deur te eerbiedig. Ouers word nie binne die nasorg-lokaal toegelaat nie.**
18. Geen selfone nie. Selfone sal gekonfiskeer word en in die skoolkluis gebêre word.

GEDRAGSKODE

Alle nasorg-leerlinge moet ook daarna strewe om in die gees van die Laerskool Newtonpark se gedragskode op te tree.

NASORGPROGRAM

Ons vertrou hierdie program sal daartoe bydra dat ons kinders middae nuttig en sinvol hierdie aktiwiteite sal geniet. Daar word jaarliks genoeg nuwe speletjies aangekoop waarmee leerders middae na studie besig gehou word.

GRAAD R

13:00 – 13:30	Verversings, ete, verklee vir sport en of studie.
13:30 - 14:00	Rus en oppak.
14:00 - 16:30	Buite-apparaat spele. Opvoedkundige binne-speletjies, TV/Video.
16:30	Oppak en gereed om afgehaal te word.

GRAAD 1 EN 2

13:30 – 14:15	Verversings, ete, verklee vir sport en of studie. (13:45 tot 14:15 studie)
14:15 - 16:30	Graad 1 en Graad 2: Aktiwiteite saam met Graad R, Speletjies/Video.
16:30	Oppak en gereed om afgehaal te word.

GRAAD 3

14:00 - 14:30	Verklee en verversings.
14:30 - 15:30	Studietyd: Eksamentyd tot 16:00/Sport.
15:30 - 16:30	Speletjies/Video/Vryetyd.
16:30	Opruim en vertrek.

GRAAD 4 – 7

14:30	Vertrek van skool (Graad 4 tot 7 beweeg af na sportklubhuis)
14:45 – 15:00	Aantrek en eet
15:00 – 17:00	Studie

VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

Laerskool Newtonpark

Gestig 1926

AANSOEK VIR TOELATING TOT DIE NASORGSENTRUM (2024)

1.BESONDERHEDE VAN KIND(ERS)

NAAM EN VAN	GEB. DATUM	ADRES	GRAAD

2.HET U KIND(ERS) ENIGE ALLERGIE ?

NAAM	SOORT EN MEDIKASIE

3.BESONDERHEDE VAN VADER/MOEDER/VOOG

NAAM EN VAN	ADRES	KONTAKNOMMERS
		S:
		TEL:
		E-POS:
NAAM EN VAN (2DE)	ADRES (2DE)	KONTAKNOMMERS (2DE)
		S:
		TEL:
		E-POS:

4.KONTAKNOMMER(S) IN GEVAL VAN NOOD

NAAM EN VAN	VERWANTSKAP	KONTAKNOMMER(S)

5. WIE MAG U KIND(ERS) BY NASORG KOM AFHAAL ?

NAAM EN VAN	VERWANTSKAP	KONTAKNOMMER(S)

6.MERK ASSEBLIEF MET 'N "X" WANNEER U KIND VAN DIE NASORG GEBRUIK GAAN MAAK.

TYE	X	TARIEF PER JAAR	TARIEF PER KWARTAAL
13:00/13:30 tot 14:15		R 6 260	R 1 565
14:00/14:15 tot 17:30		R 9 220	R 2 305
13:00/13:30 tot 17:30		R10 800	R 2 700

Posbus 7113, Newtonpark, Gqeberha, 6055
Telefoon: (041) 365 1233, Faks: 086 509 5536 - Willetstraat, Newtonpark, Gqeberha, 6045
E-Pos: admin@lnpark.co.za / fin@lnpark.co.za

ONDERNEMING - NASORG: 2024

Onderneming deur die ondergenoemde ouer/voog van ondervermelde leerder ten opsigte van die Laerskool Newtonpark.

* Ek/ons onderneem om die skool- en nasorg-reëls sorgvuldig te bestudeer en die inhoud daarvan met my/ons kind(ers) te bespreek.

* Ek/ons onderneem om my/ons kind(ers) se nasorggelde kwartaalliks vooruit te betaal.

* Ek/ons verleen toestemming aan die skool dat my/ons kind(ers) in 'n noodgeval mediese behandeling kan ontvang.

* Ek/ons is vertroud met die inhoud van die onderneming deur die hoof, personeel en beheerliggaam soos vervat in die missie van die Laerskool Newtonpark. Ek/ons beskou derhalwe die ondertekening van die onderneming soos hierbo verwoord as 'n kontrak tussen my/ons en die beheerliggaam van die Laerskool Newtonpark.

* Ek/ons onderneem om, indien my/ons kind nie meer van die nasorgfasiliteite gebruik gaan maak nie, een maand skriftelik kennis sal gee.

_____ _____

HANDTEKENING (VADER/VOOG) **HANDTEKENING(MOEDER/VOOG)**

_____

DATUM

VOORSITTER - BEHEERLIGGAAM
26 Oktober 2023